Deacon 1992

# Renoster val vas





Foto-artikel / Photo feature:
Andrew Deacon

Gedurende April 1992 het 'n bekommerde toeris een dag kom rapporteer dat 'n renoster by die Vervoerdam tussen Pretoriuskop en Skukuza in die Nasionale Krugerwildtuin, in die modder vasgeval het. Mnr Tom Yssel, veldwagter by Skukuza, en 'n paar helpers, onder andere veeartse Roy Bengis en Vossie de Vos, en die renosterkenner mnr Danie Pienaar, het dadelik tot aksie oorgegaan om die dier te gaan red.

Daar was reeds 'n groot aantal toeskouers op die toneel, want die dam lê langs een van die uitsigpunte. Die jong witrenosterbul het halflyf in die modder van die opgedroogde Vervoerdam vasgesit. Met behulp van 'n verdowingspyl het dr Bengis die worstelende dier gou aan die slaap gehad, sodat die nodige afmetings, bloedmonsters en parasiete verkry kon word. Daarna het die groot uitgrawe begin. Vir byna drie ure is geworstel om die renoster met behulp van twee 4x4-bakkies en dik toue uit die modder te trek.

Toe die renoster so te sê heeltemal uitgegrawe was, en hy besig was om stadig uit sy slaap te ontwaak, het hy skielik sommer vanself uit die modder uit opgespartel. Die helpers het verskrik die wêreld vol geskarrel!

Ongelukkig het hy egter weer dronk-dronk die modder in geloop! Mnr Pienaar en dr De Vos het blitsvinnig die jong bul van rigting laat verander deur 'n tou om sy nek te gooi, sodat mnr Yssel hom met sy bakkie van koers af kon trek. Hierna het mnr Pienaar die bul met 'n handdoek op die agterstewe geslaan terwyl hy luid in 'renostertaal' verduidelik het waarheen hy eintlik moes gaan.

Met die renoster eindelik uit die modder is alles gedoen om hom van die moddergat af te verjaag. Onder die spontane gejuig en getoeter van die skare toeskouers het hy oor die bult verdwyn.


SOUTHERN AFRICAN BIRD CALLS
By Len Gillard

• Over 555 species on four cassettes. Announced and listed. • Linked to and recommended in ROBERTS' BIRDS OF SOUTHERN AFRICA.
• These tapes have stimulated a growing interest in our birds over a number of years.

*** SOUTHERN AFRICAN BIRD CALLS Parts: 1, 2 and 3 (540 species) ROBERTS order.
*** BIRD AND ANIMAL CALLS (Part 4): Side 1 - Birds, Side 2 - Animals.
*** BIRD CALLS OF THE KRUGER NATIONAL PARK: A sound companion to NEWMAN'S KNP book.
*** VOËLROEPE VAN DIE NASIONALE KRUGERWILDTUIN: 'n Klankmaat vir NEWMAN SE NKW boek.

PRICE Single Tape - R24; Set of 3 tapes - R66; Set of 4 tapes - R88. Price includes local postage. For postage outside SA add R6.

*OBTAINABLE FROM THE SOUTHERN AFRICAN ORNITHOLOGICAL SOCIETY, P.O. BOX 84394, GREENSIDE 2034, Johannesburg.*
*Tel: (011) 888-4147 (mornings)*
The SAOS works for the preservation and study of birds. Support it. 3/92


# Rhino

One day during April 1992, a worried tourist reported that a young white rhino bull was stuck in the mud at the Vervoer Dam in the Kruger National Park, between Skukuza and Pretoriuskop. Mr Tom Yssel, ranger at Skukuza, and a few helpers, including Drs Roy Bengis and Vossie de Vos and the rhino specialist, Mr Danie Pienaar, went to the rescue of the unfortunate animal.

Spectators were flocking around the scene, as it was at a lookout point. Dr Bengis anaesthetised the struggling animal with a dart so that he could get the necessary measurements, blood samples and parasites. It took almost three hours with two 4x4 trucks and thick ropes to pull the rhino from the mud.



5933

July 1992













# rescue

They almost had him out, when he started waking. The next moment the helpers scattered in all directions as he burst from the mud. To the disgust of the men involved in the rescue, the moment he was out, he drunkenly stumbled back into the mud! Mr Pienaar and Dr De Vos immediately threw a rope around his neck, before pulling him out with the truck. Mr Pienaar explained to the rhino, in clearly audible 'rhino language', where he should go. He added force to his words with a towel on the young bull's buttocks.

After they had managed to chase it away, a spontaneous cheer went up from the spectators, as the rhino disappeared over the hill.

**KEN ONS STERRE**
**'N GIDS VIR DIE GROENTJIE**
FRANZ CONRADIE

**TWEEDE, VERBETERDE UITGAWE NOU BESKIKBAAR**

- ★ 'n Handleiding vir die natuurliefhebber oor ons SUIDER-STERRE
- ★ 'n UNIEKE, LEWENSLANGE GESKENK VIR OUD EN JONK: SLEGS R22! (BTW en posgeld ingesluit).
- ★ Talle sketse en kaartë om ster-soekery maklik te maak.
- ★ Sigbaarheidstabelle van PLANETE tot die jaar 2000!
- ★ MOET NIE SONDER DIE BOEKIE MET VAKANSIE GAAN NIE!

(NOTE: Also available in English: *STARGAZING FOR THE NOVICE)*

KRANSBERG KOMMUNIKASIES
Posbus 389, WESTONARIA 1780 Tel. (011) 752-2193
STUUR MY ASB. .................. Eng/Afr eksemplare. Bedrag ingesluit: R ..................
NAAM ..................
ADRES .................. Telefoon: ..................
.................. Poskode: ..................
11/91